HOËRSKOOL UPINGTON

JAARVERSLAG 2014

Waar 2014 besig is om einde se kant toe te staan, wil ons graag van dié geleentheid gebruik maak om terug te kyk op die aktiwiteite van die afgelope jaar.

1. PERSONEEL

Ten spyte van ’n baie bedrywige jaar met ’n paar veranderinge op die personeelfront kan ons met dankbaarheid sê dat dié jaar ’n mooi jaar vir ons skool se personeel was.

Gedurende 2014 sluit Mevv. J. Strauss en F. Schutte by ons aan.

Mev. Haasbroek verlaat ons in Augustus en Mevv. J. Schutte en F. Schutte los in haar plek af. Ons groet ook aan die einde van die jaar 2 uiters geliefde en gewaardeerde kollegas naamlik mnre. D. Amos en J. Geldenhuys, wat beide vir baie jare by Hoërskool Upington betrokke was. Ons innige dank vir die tyd wat elkeen aan Hoërskool Upington gewei het. Dit word opreg waardeer.

Ons, as personeel, dink ook aan verskeie van ons kollegas, oudskoliere asook ons leerlinge, wat in dié jaar geraak is deur ernstige siektetoestande, asook naasbestaandes aan die dood moes afstaan. In besonder dink ons aan die familie van Sadé Links (een van ons leerders) wat gedurende September skielik oorlede is.

Verskeie persone het gedurende die jaar by die skool gehelp in verskillende hoedanighede. Ons wil dié persone hartlik bedank vir hulle mooi gesindheid en hul bereidwilligheid om te help.

2. EKSAMENUITSLAE

Soos in die verlede is baie goeie uitslae behaal.

2.1 Nasionale Senior Sertifikaat - 2013

Ons behaal ’n slaagsyfer van 99% in bogenoemde eksamen. Hoërskool Upington word as een van die Top 3 skole in die Z.F.Mgcawu Distrik aangewys.

2.2 Grade 8 - 11

Die gemiddelde slaagpersentasie vir al die grade was 94,2%. Hierdie standaard word al oor baie jare volgehou.

3. BEHEERLIGGAAM

Die Suid–Afrikaanse Skolewet van 1999 vereis dat elke staatskool ’n skoolbeheerliggaam (SBL) moet hê. Die SBL van elke staatskool is die reg gegee om beheer oor die skool uit te oefen.

Tydens die SBL-tussenverkiesing wat gehou is in Maart 2014, is die volgende ampsdraers verkies:

Mnr. J. Becker (Voorsitter)
Mnr. D. van der Merwe (Ondervoorsitter + Finansies)
Mev. K. Ekkerd (Sekretaresse) Kultuur, OOV

Mnr. L. Kotze (Infrastruktuur)
Mnr. P. Loots (Buitemuurs en Koshuise)
Mev. M. Kilian (Akademie)
Mev. G. Lamprecht (OOV, Bemarking)
Mnr. C. du Plessis (Ondersteuningsdienste)
Mnr. E. de Wee en Mev. E. Carr - gekoöpteer
Mnr C. Wessels (Regsaspekte)
Mnr. B. Engelbrecht (Tegnologie Terrein)

Die volgende K.S. en nie-K.S. opvoeders is verkies:
Me. E. Fouché
Me. M. Koekemoer
Mev. A. Teessen
Mnr. J. Brynard

Verskeie van ons huidige SBL–lede tree aan die einde van hierdie jaar uit. Ons opregte dank aan dié lede vir hulle harde werk en ywer vir Hoërskool Upington.

Vir 2014 is Laetitia Strauss, Liné du Plessis en Ciske van Niekerk as leerder-verteenwoordigers verkies.

Die SBL bestaan uit verskillende komitees wat elk verskeie sake hanteer. Die bekwame wyse waarop die Beheerliggaam funksioneer, dra baie by tot die gladde funksionering van die skool. Die 2015 verkiesing sal plaasvind op 6 Maart 2015 (K.S. en Nie-K.S. Opvoeders) en 13 Maart 2015 ouer-komponent.

4. FINANSIES

4.1 Skool

Die finansiële komitee van die skool vir 2014 het bestaan uit die tesourier, mnr. D. van der Merwe, mnr. W.A. Kotzé, die skoolhoof, asook me. L. Pieters (finansiële beampte), mnre. T. Engelbrecht, N. Erasmus (ouditeur), mev. E. van Zyl en mnr. N. Hanekom. Van hierdie lede verlaat die komitee aan die einde van die jaar. Ons wil hulle opreg bedank vir hul harde werk en ywer om HU se finansies gesond te hou.

Die skoolgeld vir 2014 was R9 650 per leerder per jaar. Vir 2015 sal die skoolfonds vir Graad 8 tot 11 leerders R10 900 wees. Vir Graad 12 leerders beloop die skoolfonds R10 400 vir 2015.

'n Vyf persent korting word toegestaan indien die volle bedrag voor einde Maart 2015 betaal word. Indien enige ouer 'n probleem ondervind met die betaling van skoolgeld moet hulle spoedig met die finansiële kantoor skakel om 'n reëling te tref. Baie dankie aan die groot hoeveelheid ouers wat hulle skoolfonds getrou betaal. Ons doen dan ook 'n dringende beroep op al die ander ouers om die betaling van skoolgeld as 'n prioriteit te sien.

Die styging van die skoolgeld kan grootliks verklaar word omdat Hoërskool Upington in 2015 met E-leer van Gr 8 – 11 gaan begin.

Skoolgeld kan soos volg betaal word:

5% korting tot 31 Maart 2015 as die volle bedrag betaal word:
Graad 8 – 11: R10 355
Graad 12: R9 880

Maandeliks:
Graad 8-11:
R1 090.00 (Jan – Okt.)
Kwartaalliks: R2 725.00 (x4)

Graad 12:
R1 040.00 (Jan - Okt.)
Kwartaalliks: R2 600.00 (x4)
Bankbesonderhede vir elektroniese betalings is soos volg:

Bank	:	Absa Bank
Naam	:	Hoërskool Upington
Rekening	:	Tjekrekening
Rekeningnr	:	2240 390 054
Takkode	:	632 005
Verwysing	**:**	**Kind se naam en van & graad**

4.2 Koshuis

4.2.1 Personeel

Mnr. en Mev. Jonker het by ons aangesluit aan die begin van 2014. Hul is albei werksaam as diensdoeners. Ons heet hul welkom en vertrou hul gaan hul tyd saam met ons geniet. Baie dankie aan die bestaande diensdoeners wat help met die bestuur van die koshuis, dit word opreg waardeer.

Die kombuispersoneel moet vereer word vir hul harde en toegewyde werk om die kombuis asook die geboue so vlot te laat verloop. Soekie Joubert en Francolien du Plessis bestuur die koshuis se aankope en ander uitgawes op so ‘n manier binne die begroting dat dit nog steeds moontlik is om die spyskaart uit te brei en gehalte te verbeter.

Baie dankie aan die koshuiskomitee wat bereidwillig is om hul tyd op te offer ten bate van die koshuise. Die komiteelede is elkeen ‘n portefeulje toegewys vir 2015 en u, as ouer, is welkom om hul te skakel as u ‘n bydra wil maak tot die onderskeie portefeuljes.

Die portefeuljes lyk as volg:

Finansies:	Mnr. Martin J van Rensburg	-	079 922 1978
Skakelbeampte:	Mnr. Paul Loots	-	073 194 2864
Geboue en Tuine:	Mev. Jurika Kotze	-	083 942 4668
	Mev. Anria van Zyl	-	084 627 9758
Bemarking:	Mev. Ina Walters	-	081 124 7526
	Mev. Anria van Zyl	-	084 627 9758
	Mev. Francolien du Plessis	-	082 472 2377

4.2.2 Verbeteringe

Veiligheidshekke met biometriese skandeerders is by albei koshuise aangebring om die sekuriteit van die inwoners te verbeter. Dit is ‘n voorsorgmaatreël, maar vervang nog steeds nie paraatheid nie. Inwoners word nog steeds aangemoedig om hul waardevolle items in hul kaste toe te sluit.

Ou vinielteëls, in een gang van Huis Oranje, word vervang met keramiekteëls wat duursamer gaan wees.

Verskeie projekte word ondersoek vir 2015 om inwoning te verbeter. Indien daar idees vanaf u as ouer is, kontak asseblief die betrokke komiteelid.

4.2.3 Finansies

Hoërskool Upington koshuise se inwonergetalle het gedurende die jaar vermeerder wat veroorsaak het dat getalle in 2015 tot meer as ’n 100 kan styg indien almal wel aanmeld. Dit het tot gevolg gehad dat die oorhoofse kostes deur ‘n groter aantal inwoners versprei kon word en die koshuisgeld vir 2015 met slegs 7.1% verhoog teenoor vorige jare waar dit tot meer as 10% was.

Die koshuisgelde vir 2015 is as volg:

Kwartaal 1	-	R 4 800.00
Kwartaal 2	-	R 4 500.00
Kwartaal 3	-	R 4 100.00
Kwartaal 4	-	R 3 800.00
Totaal		**R17 200.00**

Koshuisgeld is streng vooruitbetaalbaar. U moet aan die begin van elke kwartaal by die finansiële kantoor of by Mnr. Swanepoel betaal, of ‘n bewys van inbetaling toon voordat u kind toegelaat sal word om die koshuis te betree.

Geen bestaande inwoner sal toegelaat word in 2015 indien daar nog uitstaande geld van 2014 is nie.

Baie dankie aan alle ouers wat stiptelik u koshuisgeld betaal.

Die bankbesonderhede vir elektroniese betalings is soos volg:

Bank	:	Absa Bank
Naam	:	Hoërskool Upington Koshuise
Rekening	:	Tjekrekening
Rekeningnr	:	405 663 1770
Takkode	:	632 005
Verwysing	:	Kind se naam en van & graad

5. OUER-ONDERWYSERSVERENIGING

Baie dankie aan alle ouers, asook leerlinge wat hard gewerk het om ‘n sukses van 2014 se fondsinsamelings pogings te maak. Verskeie geleenthede was met groot sukses aangebied,

waaronder die Kathu-sportdag, Namakwa-sportdag, Sentraal-sportdag, Klein Interjol en die Gradeplegtigheid van die Vaaldriehoek Universiteit van Tegnologie.

Die volgende lede het in 2014 gedien op die OOV: Ronel Jordaan (Voorsitter), Marietjie van Zyl (sekretaresse), Annelize van die Westhuizen, Estelle Joubert, Hettie Theron, Elsabé Luttig, Elmarie Schönborn, Marius Siemens, Marietjie van der Westhuisen (Tesourier), Jurika Kotzé, Herculine Theunissen, Janine Hanekom. Ons bedank ook vir Rainette Corbett vir die uitboek en terugboek van die OOV-voorrade tydens 2014.

Die badkamergeriewe (seuns en dogters) van die juniors is opgeknap met die fondse wat ingesamel is in 2013 en 2014. Dankie aan die ouers wat klaarmaak by die OOV hierdie jaar en ons wens volgende jaar se nuwe OOV-lede alle sukses toe.

Alle fondse wat oorgebly het na die badkamers klaargemaak is, sal oorgedra word na volgende jaar. Die OOV beoog om die pawiljoen toe te bou vir 'n ordentlike verkooppunt.

6. KULTUREEL EN VERENIGINGS

6.1 Redenaars

Hesna Theron dring deur na die semi-finaal (Junior afdeling) van die ATKV Redenaars-kompetisie.

6.2 Drama

Uppies Drama het een van ons mees suksesvolle jare ooit gehad. Ons het drie stukke op die planke gebring: Kringloop, Genade en Mutatis Mutandis. Neville Schubach het sy debuut gemaak as regisseur van laasgenoemde.

Ons het afgeskop met die Reza de Wet-fees waar ons amper skoonskip gemaak het – Beste produksie, beste akteur (Dennis Hoft), beste aktrise (Jana Lategan) en beste ondersteunende aktrise (Sue-Ellen Pretorius).

By Fraserburg was ons genomineer in elke kategorie, maar net Hesna Theron het beste ondersteunende aktrise gewen. Ons het wel 15 goue toekennings gekry, ‘n hele aantal silwer en net een brons.

Namakwaland Toneelfees was nie ons beste optredes nie, maar ons het wel baie silwer en ’n paar brons huis toe gebring.

Ons het twee keer voor ons tuisskare gespeel: een keer in ons saal waar ons baie ondersteuning gekry het, en een keer tydens die Kuierfees by Fanie Malan se saal. Beide optredes was baie suksesvol.

Toe ons die ATKV-Tienertoneel aangedurf het, het ons die eerste skool ooit geword om DRIE produksies in ’n semi-finaal te kry. Al drie het baie goed gedoen en baie goud gewen, maar dit was Kringloop wat genooi is na die nasionale finale by Aardklop.

Ons het teen die beste produksies in die land meegeding en, al het ons nie in die top vyf geëindig nie, glo ons, ons het baie goed gevaar.

Ons glo en vertrou dat 2015 net so ‘n suksesvolle jaar sal wees.

6.3 Uppie Camerata

Die Camerata het vanjaar 'n besondere besige en suksesvolle jaar beleef en het by die volgende geleenthede opgetree:

- Gradeplegtigheid van die Vaal Universiteit van Tegnologie
- Konsert saam met die Leuvens Meisjeskoor uit België
- Upington Voedsel- en wynfees
- Kerssangdienste van NG kerk Upington-Wes en NG Moedergemeente
- Prysuitdeling
- Gr 7-Inligtingsaand

Die vierde jaarlikse Uppies Koorfees het vanjaar op 25 Augustus plaasgevind en 7 kore het daaraan deelgeneem. Die aand is soos gebruiklik met 'n massakoor-optrede afgesluit.

Die Camerata verwerf 'n silwer diploma by die ATKV-Applous koorkompetisie en 'n goue diploma tydens Tygerberg Internasionale Eisteddfod.

6.4 Musiek

Nege Uppies het vanjaar Unisa se musiekeksamens suksesvol afgelê.

Carla van Wyk: blokfluit graad 7 met lof
Gretha van Staden: blokfluit graad 5 met lof
Alicé Maritz: Klavier graad 4 met Lof
Almari Bruwer: Klavier graad 4 met lof

Rozelle van Niekerk: klavier graad 4 met eervolle vermelding
Lynette Engelbrecht: klavier graad 3 met eervolle vermelding
Angus Damarah: klavier graad 2 met eervolle vermelding
Marina de Jongh: klavier graad 2 met eervolle vermelding

Madelein Victor: klavier graad 4

CALVINIA EISTEDDFOD

Hoërskool Upington het vanjaar vir die agste keer aan die Calvinia Eisteddfod deelgeneem. Hierdie eisteddfod vind elke jaar aan die einde van Mei plaas. Dertien leerders het deelgeneem en 3 hoogste lof, 10 goue, 11 silwer en 4 brons toekennings verwerf.

Reuben Murphy: 1 hoogste lof, 1 goud
Sunell Mostert: 2 silwer, 1 goud
Angus Damarah: 1 goud, 1 silwer
Zaskia Pain: 1 hoogste lof, 1 goud
Jana Lategan: 1 hoogste lof, 1 goud
Sheli Arnon: 1 brons
Rozelle van Niekerk: 3 brons
Alicé Maritz: 2 goud
Janri van Staden: 1 goud, 1 silwer

Gretha van Staden: 3 silwer
Carla van Wyk: 3 silwer
Lynette Engelbrecht: 2 goud
Kaelene Hendricks: 2 silwer

Jana Victor slaag graad 4 viool en Janri van Staden slaag graad 2 viool met lof.

6.5 Vasvra

25 leerders het die Wêreld Kennis Olimpiade aangedurf. Hurter Kirstein het die Noord-Kaap graad 9 afdeling gewen en Koos de Wet het 3de gekom in Graad 11.

Ons het net-net Interjol verloor, maar, soos altyd, vertrou ons dat ons volgende jaar beter sal doen.

6.6 Missio Dei / Kohin / VCSV

Daar is twee kampe gehou gedurende die jaar. Uitreike na Jogebed-babahuis en Kameelmond is ook onderneem. Die VCSV-Diensjaarspan het ‘n Jeugweek aangebied tydens die tweede kwartaal en die Creare-span het ook ‘n week by Uppies spandeer. Tydens hierdie twee geleenthede is daar in klasseksies met Uppies gesels. Hulle het ook die Missio Dei Stranddiensspan toegerus met vaardighede vir hulle uitreik. Hierdie span vertrek weer, vir die 12de jaar, na Lambertsbaai. Die span se bediening is vanaf 11 Desember tot 21 Desember 2014.

Die KOHIN Jeugwerker, Mnr. Tommy Olivier, was ook hierdie jaar baie betrokke by individue sowel as groepe Uppies.

6.7 Matrieknooi-kompetisie

Die Matrieknooi-kompetisie van 2014 het vir groot opwinding gesorg en die twintig semi-finaliste moes in verskeie kategorieë meeding, waaronder talentaand, akademie en buitemuurse betrokkenheid.

Die tema van die kroningsaand was “Around the world” en die gewilde sanger en aanbieder van die program “Jukebox”, Pieter Koen, was die gaskunstenaar.

Die hoogtepunt van die aand was toe Anneri Louw gekroon is as Matrieknooi 2014. Die twee prinsesse was Laetitia Strauss en Elandie Hanekom. Sue-Ellen Pretorius was Mej. Fotogenies en Laetitia Strauss Mej. Persoonlikheid. Salomé Hanekom is aangewys as Mej. Bene.

Laetitia Strauss is ook aangewys as die Debutant van die Jaar en Sue-Ellen het ‘n borgskap van NEDSA Au Pair-agentskap gewen om in 2015 te gaan Au Pair in Nederland.

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot ‘n suksesvolle geleentheid.

7. ANDER AKTIWITEITE

7.1 Bestuurskomitee

Die Bestuurskomitee van 2014, onder leiding van Gerrit Wickens en Lenél Oberholster, het ‘n suksesvolle jaar agter die rug.

Die nuwe Uppies Bestuurskomitee vir 2015 het alreeds hulle werksaamhede begin. Tydens hulle opleidingskamp is hulle ontwikkel as leiers en het hulle ook beplanning gedoen. Projekte vir 2015 is as volg:

- Graad 8 Oriënteringskamp
- Opleidingskamp van 2015 VRL
- Sokkie-sokkertoernooi
- Omgee-week
- Oscar-aand
- Interjol-week en Groot Brag

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat verkies is tot die Bestuurskomitee:

BESTUURSKOMITEE: 2015	
SEUNS	**DOGTERS**
Andreas, Austin Bostander, Thabo Hayes, Reinhard (Hoofseun) Jordaan, Jaco Kapnoudhis, André Koegelenberg, Jaco Liebenberg, J.J. Loots, Gustav Rupping, Gert Swart, Wihan Terblanche, Wynand Van der Westhuizen, Marcel Wiese, Cobus (Onderhoofseun) Willemse, Dominique	Burger, Suné De Wee, Millesanté (Onderhoofmeisie) Goussard, Jahné Hoft, Maralé Jansen van Rensburg, Leemé Lamprecht, Lali Lategan, Jana Nickel, Simoné Snyders, Ray-Ann Steenkamp, Raquelle Teessen, Elmarie (Hoofmeisie) Van Niekerk, Anja Van Wyk, Elso-Maré Willemse, Marion

7.2 KOSHUISE

7.2.1 Huis Vereniging

Die nuwe Graad 8–leerlinge het baie gemaklik by die koshuisroetine ingeskakel en na hul konsertjie was hulle tuis.

Gedurende die jaar is verskeie ontspanningsfunksies, soos sokkies, by Huis Oranje en Huis Vereniging aangebied. ’n Fliekaand vir die dogters is gereël. Die Wit Bruid het weereens

haar opwagting gemaak en daar is van die matrieks, tydens die tradisionele Kersete, afskeid geneem. Die jaar is afgesluit met ons Kerssangfunksie en serenade by die onderwysers se huise.

Ons sien met groot verwagting uit na 2015.

7.2.2 Huis Oranje

Huis Oranje het 'n goeie jaar beleef. 'n Groot groep graad 8-koshuisleerders is ingeskryf en elkeen het vinnig ingeskakel en begin deelneem aan skoolaktiwiteite. Alle seuns is betrokke by sport, kultuur en ook op akademiese gebied wat weereens bewys dat koshuisleerders 'n sterk rol in die skool speel.

Aan al die matrones en assistente wat hard werk om alle fasette van die koshuis glad te laat verloop, wil die koshuisvaders en koshuiskomitee dankie sê. Sonder hulle kan die koshuis nie funksioneer nie.

9. ALGEMEEN / KULTUREEL

9.1. Junior Afrikaans Olimpiade: Huistaal

Geen uitslae tot op hede beskikbaar nie.

9.2 Senior Afrikaans Olimpiade: Huistaal

S. Sass haal die Top 20 in die provinsie.

9.3 Afrikaans Ekspo

Hoërskool Upington behaal besonderse uitslae in die nasionale beoordeling:

<u>Goud:</u>
Petro Siemens, Natasha Janse van Rensburg, Jana Becker, Rentia Becker, Sue-Ellen Pretorius, Zaskia Pain.

<u>Silwer:</u>
Jana Becker,Gretha van Staden, Lizbé Coetzee, Mielanka van Schalkwyk, Rachel Maasdorp, Alyssa Ekkerd, Anika Kuhn, Isaac Maasdorp, Lindsey Loots, Marlize Erasmus, Rentia Becker, Zaskia Pain.

<u>Brons:</u>
Lily Connan

9.4 Kalahari Eskom Ekspo

Hoërskool Upington het 8 projekte ingeskryf vir die Kalahari Eskom Ekspo.

Jodean Klassens en Gerhard Joubert het silwer toekennings behaal. Paul van Zyl, John Neser en Ann-Magaret van der Merwe het brons toekennings gekry.

Erize van den Heever behaal goud en wen 'n hardeskyf in die kategorie "Nuwe uitvindings en tegnologie" met haar projek "Sterk staan". Leemé Jansen van Rensburg behaal silwer met

haar projek “Wonderseep”. Sy is gekies vir die provinsiale span wat op 8 Oktober aan die Nasionale Ekspo in Sandton deelgeneem het.

Leemé kry ‘n goue toekenning en behaal ‘n eerste plek in die kategorie “Innovasie en Tegnologie", insluitend herwinning en herwinbare produkte. Bo en behalwe die kontant-pryse het twee universiteite vir haar eerstejaarsbeurse aangebied indien sy daar sou gaan studeer.

Leerders wat ‘n Ekspo-projek in 2015 wil inskryf moet alreeds gedurende die vakansie daaraan begin werk. Ons doen ‘n beroep op die ouers om leerders aan te moedig om innoverend te dink en om aan Ekspo deel te neem.

9.5 MINQUIZ 2014

Drie van ons leerders het deelgeneem aan die MINTEK / ANGLO AMERICAN se provinsiale MINQUIZ kompetisie. Die drie leerders wat deelgeneem het was Eduard Kilian, Lindsey Loots en Milandro Mouton. Hulle is gekies as een van die vyf spanne in die finale rondte en eindig toe derde. Vier-en-twintig spanne uit die Noord-Kaap het deelgeneem.

10. SPORT: SKOOL

Hoërskool Upington se pragtige prestasies op sportgebied kan hoofsaaklik toegeskryf word aan toegewyde leerders en gemotiveerde afrigters.

10.1 Atletiek

Die jaar se atletiekseisoen het besonder goed afgeskop. Behalwe die normale byeenkomste, het die atlete ook aan HTS Sasolburg se Top 20 byeenkoms deelgeneem. Die leerlinge het baie goed presteer en met vele medaljes teruggekeer.

Na afloop van die provinsiale byeenkoms te Kimberley, is 3 atlete gekies om aan die Junior SA-Kampioenskappe deel te neem. Joe-Lythen Willemse, Franco Snyders en Gerrit Wickens het die Noord-Kaapspan verteenwoordig by die SA-Kampioenskappe. Gerrit Wickens is ook gekies om aan die Senior SA Kampioenskap deel te neem.

Tydens die prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak: Junior Victrix Ludorum – Nicolene Loots, Junior Victor Ludorum – Handré Bruwer, Senior Victrix Ludorum – Esmari Ferreira, Senior Victor Ludorum – Christo Engelbrecht.

Joe-Lythen Willemse en Franco Snyders het ook aan die Albert Luthuli Spele deelgeneem. Hier het Franco goud verower. Joe-Lythen het ook goud verower met ‘n uitmuntende tyd in die 100m en so die toekenning ontvang vir die beste mansatleet van die dag.

10.2 Uppies Hokkie Hoogtepunte

UPPIES Hokkie kan terugkyk op ‘n hokkieseisoen waarin ons besonder geseën was op verskillende maniere.

Die spanne het goeie blootstelling gekry op hul onderskeie toere en ons was bevoorreg dat van ons spelers, soos Zani du Plessis en Veronique Vorster, aangewys is as presteerders by hul onderskeie afrigtingskursusse. Ciske van Niekerk is ook gekies as kaptein van die Plattelandse Span, ‘n besondere eer wat haar te beurt geval het.

Veronique Vorster en Harm Janse van Rensburg is gekies om in die provinsiale spanne te speel en ons is werklik baie trots op hulle.

'n Droom het ook waar geword vanjaar, naamlik dat daar nou uniforme speeldrag vir seuns en dogters is, uitgesluit eerstespanne wat steeds bevoorreg is om deur Pick n Pay geborg te word.

Sonder Bea en Jeremie Swart as 'peetouers' van UPPIES hokkie, sou baie van wat ons die afgelope jaar bereik het , nie moontlik gewees het nie. Hulle borg nie net die eerstespanne se pragtige klere nie, maar ondersteun ons op alle gebiede waar ons hulp benodig.

Ons spelers se fantastiese gesindheid tuis en met wegwedstryde maak dit vir almal 'n plesier om deel te wees van UPPIES hokkie.

Die ouerkomitee, onder leiding van Lizette du Plessis, het werklik baie hard en gemotiveerd gewerk met fondsinsamelingshulp en deurlopende ondersteuning. Dit maak die verantwoordelikheid van afrigters net soveel ligter.

Ouers en spelers kan gerus wees dat afrigters in 2015 as keurders by beide die Platteland en Provinsiale Proewe betrokke sal wees:

0/18 Erica Wessels
0/16 Helena Kalp

'n Spesiale woord van dank aan ons eerstespanne se kapteins; Ciske van Niekerk en Peter Smith. Hul entoesiasme en passie vir hokkie was werklik aansteeklik, soos almal wat met hulle in aanraking gekom het, kan getuig.

Ons besef dat ons niks as vanselfsprekend kan aanvaar nie, maar dat ons spesiale spelers, afrigters, ouers, borge, ons Hokkie Ouerkomitee en hokkie vriende oor die land, genade uit die Skepper se hand is.

Dankie aan elkeen wat UPPIES hokkie 2014 ondersteun en gedra het. Mag ons in 2015 hierop voortbou.

10.3 Krieket

Ons krieket het 'n baie suksesvolle jaar beleef. Ons het 2014 afgeskop met 'n suksesvolle toer na Union High School in Graaff Reinet. Ons 0/15A-span het die skole liga onoorwonne afgesluit. Die 0/15-span het 'n toer na Bloemfontein onderneem waar hulle hul baie goed van hulle taak gekwyt het.

Ons dorpspan het hulle onderskei deur bo-aan die puntelys van die 50bb'e en die 20bb'e kompetisie te eindig. Ons het die 50bb'e-finaal teen Carltonians gewen. Ons dorpspan het ook die 20/20 kompetisie gewen deur Duineveld in die finaal te klop, dus staan altwee die trofeë in ons glaskas.

Tydens die naweek van 22 en 23 Augustus 2014 het ons die vierde URB/MTN Hoërskole Uppies Krieketfees aangebied. Dit was weereens 'n groot sukses en Hoërskool Upington spreek sy dank uit teenoor elke speler, ondersteuner en ouer wat die geleenthede ondersteun het.

Verskeie van ons krieketspelers is in die onderskeie Griekwa- en Griekwa Platteland Spanne opgeneem. Baie geluk aan die spelers en ons wens hulle sterkte toe vir hulle toernooie wat gedurende die Desember skoolvakansie gaan plaasvind.

Griekwas O/19: André Share
Griekwas Dogters O/19: Dionne Visser en Claudia Velskoen
Griekwas 0/17: Marcel van der Westhuizen, William Briekwa, Jaco Zietsman.
Griekwas Platteland o/17: Brian Daniels, Reinhard Hayes, Mario Zacharia.
Griekwas O/15: Mason Zacharia
Griekwas Platteland O/15: Giovanni Lategan, Nakkie Duvenhage, Bobby Duvenhage, Ashwill Hendricks, Ronaldo Williams.

Ons eerstespan gaan weer van 13-17Januarie 2015 aan die Union High Krieketfees in Graaff-Reinet deelneem.

10.4 Netbal

Dit was ‘n besondere goeie jaar vir Hoërskool Upington se netbal. Die 0/14-A span eindig derde in ZFM. Die 0/16-span eindig tweede in ZFM en derde in die provinsie. Die 0/17-span eindig eerste in ZFM en tweede in die provinsie en verteenwoordig daarmee die skool by die Suid-Afrikaanse skoletoernooi te Boksburg, waar hulle 17de in die land eindig.

Ons dogters het ook individueel baie goed presteer deurdat 18 van ons dogters vir die onderskeie Noord-Kaap spanne gekies is wat aan die All Ages toernooi in Margate gaan deelneem het tydens die Junie-vakansie. Baie dankie aan elke dogter wat hard geoefen het deur die jaar en wat Uppies netbal se naam hoog gehou het.

Na afloop van Groot Interjol staan die netbalbeker ook weer tuis by Hoërskool Upington na 11 jaar.

‘n Besondere woord van dank aan al ons borge. Sonder julle sou ons nooit soveel geleenthede en so ‘n suksesvolle jaar kon beleef het nie.

Dankie ook aan elke ouer wat ons ondersteun het deur die jaar, met fondsinsamelings gehelp het en net daar was vir Uppies netbal deur die jaar. Aan die hoof en elke personeellid wat deur ‘n besige jaar vir ons soveel geleenthede gegee het en so bygestaan en ondersteun het, ook ‘n woord van opregte dank.

Aan alle afrigters wat onbaatsugtig so baie tyd opgeoffer het om van Uppies netbal ‘n sukses te maak ook ‘n woord van opregte dank. Sonder julle sou ons nie soveel vermag het nie.

Laastens, dankie aan ons Hemelse Vader vir die talente en dat hy Uppies netbal so geseën het in 2014.

10.5 Rugby

Hoërskool Upington se rugbyspelers het weereens ‘n baie suksesvolle jaar beleef. Die volgende spelers het mooi presteer en is vir die onderskeie Griekwa-spanne gekies:

<u>O/18 Cravenweek span:</u>
Joe-Lythen Willemse, André Share, Dillon Magerman, Gert Nel, Franco Snyders, Marcel van der Westhuizen, Sergio Boer, Reinhard Hays, Cobus Wiese, Wynand Terblanche, Dian Dry

O/18 Akademieweek span:
Victor Saul, Gustav Loots, Anwill du Plessis, Willem Koegelenberg, Dirk Hanekom

O/16 Grant Khomo span:
Ashwill Botha, Jaco Koegelenberg, Corné Potgieter, Byron Coetzee, Ettiene Noeth

O/16 Valkeweek span:
Dirkie Steenkamp, Theuns van Zyl, Jaco Jordaan, Johannes Terblanche

O/18 Griekwa 7's:
Cobus Wiese, Gustav Loots, Marcel van der Westhuizen, Gert Rupping

Bokkieweek:
Iwan Lombaard, Benna Niewoudt

Uppies rugby wil ook vir Cobus Wiese baie geluk wens met sy verkiesing tot die **S A – skolespan**.

Twee van Uppies se afrigters het ook van die provinsiale spanne verteenwoordig. Hulle is mnre. J. Slabbert (Crawenweek) en M. Jonker (Grant Khomo, Griekwa 7's).

Uppies Rugby sien baie uit na 2015 se seisoen. Ons wil ook graag alle borge en ondersteuners bedank vir u bydrae tot 2014 se sukses.

10.6 Skaak

Daar is in 2014 'n Skaak Liga gestig vir die Upington-skolestreek skaak.

Die Klein Interjol skaakgeleentheid is as eerste ligawedstryd hanteer, daarna het ons nog teen nog twee ander skole ligawedstryde gespeel. Hoërskool Upington het baie goed gevaar in die liga en beklee tans 'n tweede posisie in die streek, net 'n kortkop agter die wenskool. Herman Brandt is as nommer een speler vir die streek aangewys, met Zane Joseph in die vierde posisie.

Tydens die Groot Interjol byeenkoms het ons eerste skaakspan gelykop (4 stelle teen 4 stelle) teen Duineveld gespeel. Die spanlede was Herman Brandt, Zane Joseph, Strauss van der Merwe en Mason Adams. Die skaakbeker word dus deur Hoërskool Upington en Hoërskool Duineveld gedeel.

Gustav Schönborn is gekies vir die Noord-Kaap skaakspan wat die provinsie gaan verteenwoordig tydens die Nasionale kampioenskappe wat gehou word te Kimberley vanaf 3 tot 7 Januarie 2015.

10.7 Tennis

Uppies se tennis het 'n bedrywige en suksesvolle jaar agter die rug. Die volgende leerders het die Noord-Kaap verteenwoordig by verskeie toernooie en so hul provinsiale kleure verwerf: Benré Engelbrecht, Carli Brand, Chané Avenant, Johann en Francois Joubert, Gustav Loots, Gert Rupping, Esmarie Ferreira en Salomé Hanekom.

Uppies kon ook daarin slaag om beide Klein en Groot Interjol teen Hoërskool Duineveld te wen, asook teen Hoërskool Kathu, Hoërskool Martin Oosthuizen en Landboudal.

Die eerste seuns- en dogterspan het ook aan die Diamantveld Volvo toernooi in Kimberley gaan deelneem waar die seuns die toernooi oortuigend gewen het. Die dogters het algeheel vierde geëindig.

Na afloop van die Z.F. Mgcawu-proewe, wat plaasgevind het op 28 en 29 November 2014, spog Hoërskool Upington met 13 huidige Uppies en 5 voornemende Uppies in die ZF Mgcawu Span. Die spelers gaan almal aan die Noord-Kaap proewe in Kimberley deelneem vanaf 29 - 31 Januarie 2015. Baie geluk aan al die spelers!

Voornemende Uppies:
Dogters 0/14: Liza Slabbert
Seuns 0/14: Hein Neser, Adri Hudson, Juan Swanepoel en George Brink

Huidige Uppies:
Dogters 0/15: Natasha Louw en Zoë Strauss
Seuns O/15: Benré Engelbrecht, Dian Kapp en Lihann Nieuwoudt
Dogters 0/16: Carli Brand, Chané Avenant en Annemé Hanekom
Seuns 0/16: Jano Theron en Hurter Kirstein
Dogters 0/19: Stephanie Zealand
Seuns 0/19: Gert Rupping en Gustav Loots

Baie dankie vir almal se ondersteuning en harde werk deur die jaar.

10.8 Skole skiet

Uppies het ’n besonderse jaar in skoleskiet ervaar. Tydens die provinsiale kompetisies het ons skuts eerste en tweede plekke behaal. In die September skoolvakansie het ons skuts deelgeneem aan die SA-kompetisie in Johannesburg. In die O/16 10m staanposisie vir Veergeweer kry Christine Becker ’n tweede plek en kom dus algeheel derde.

Ons skuts het ook gekwalifiseer om aan die VSA–proewe deel te neem, maar slegs sewe skuts kon in die VSA deelneem.

Christine Becker, graad 10 leerder, het tydens die Bloemfontein skietproewe, op 28 en 29 Maart 2014, vir haar 'n stewige plek in die span na Brittanje verseker. Sy het algeheel goud gekry tydens die Bloemfontein kompetisie. In die Veergeweerafdeling se drie-posisie skiet sy 515 en 513 en in die 10m staanposisie skiet sy 'n ongelooflike 334. In die saamgestelde telling tussen twee kompetisies is sy tweede. Die span van vier veergeweerskuts en twaalf sportergeweerskuts het in Augustus in Engeland gaan deelneem. Dis voorwaar ‘n uitstekende prestasie en Hoërskool Upington is baie trots op Christine.

Ons het ’n besonderse groepie matrieks wat vanjaar klaargemaak het. Dit was ’n voorreg om so ’n ywerige groep te kon hê. Ons goeie wense vergesel hulle vir die toekoms.

10.9 Rotariërs / Engen Extreme

Die jaarlikse Upington Extreme het Saterdag 1 November 2014 plaasgevind te Oranjerus. Hoërskool Upington was weer in die bevoorregte posisie om 4 skolespanne, en ’n onderwyserspan, geborg deur Pick n Pay, te kon inskryf. Van ons leerders het ook privaat ingeskryf.

Dit was 'n baie geslaagde dag en Uppies se eerstespan het die skole kategorie gewen en die vinnigste tyd vir die dag opgestel in die Lite-afdeling, nl. 1h30sek vir al drie dissiplines. Baie geluk aan Alicé Maritz (swem), Ulrich Lategan (fietsry) en Cobus Wiese (draf).

Uppies het ook 'n derde plek in die skolekategorie (Lite-afdeling) verower. Die span het bestaan uit Lalie Lamprecht (swem), Jano Lategan (fietsry) en Earl Delie (draf).

Die onderwyserspan (Uppie Rose) het 'n tweede plek in die vroue kategorie verower. Hulle het gekompeteer in die Extreme Afdeling.

Baie dankie aan elke deelnemer, die organiseerders, borge en die ondersteuners wat van hierdie geleentheid so 'n sukses gemaak het. Dankie vir die Uppie gees wat ook geheers het.

11. SPORT: BUITESPORT

Hoërskool Upington se leerders lewer ook uitstekende prestasies in sportsoorte wat nie deur die skool aangebied word nie.

11.1 Ruiterkuns

Maralé Hoft is weereens opgeneem in die Junior Protea Ruiterkunsspan. Baie geluk met die mooi prestasie.

Maralé Hoft en Nichola de Bruin is ingesluit in die Noord-Kaap Ruiterkuns Span. Baie geluk met die pragtige prestasie. In 2015 gaan Maralé en Nichola deelneem aan die Nasionale Protea Proewe te Victoria-Wes. Baie geluk aan Maralé wat ook aangewys is as kaptein van die span. Baie sterkte aan beide ruiters met die Nasionale proewe volgende jaar.

11.2 Tweekamp

Die volgende atlete is gekies vir die NWK Tweekampspan: Alyssa Ekkerd, Henru Ekkerd en Alicé Maritz. Hulle het aan die Interprovinsiale Tweekamp Byeenkoms te Oudtshoorn gaan deelneem. Alicé Maritz het ook aan die Interprovinsiale Byeenkoms in Potchefstroom gaan deelneem en haar goed van haar taak gekwyt.

11.3 Swem

Alicé Maritz en Teliza Zaayman het op 25 Oktober aan die Flamingo Gala in Kimberley gaan deelneem. Alicé verower 1 silwer en 5 goue medalje terwyl Teliza 2 brons medaljes inpalm.

Alicé Maritz is vir die Noord-Kaap Swemspan gekies wat op 8 November 2014 in Sasolburg aan die NFSA Inter-Provinsiale Gala gaan deelneem het. Sy het baie goed presteer deur 1 Goud, 3 Silwer en 2 Brons medaljes te ontvang. Sy word ook gekies vir die Noord-Kaap span wat vanaf 10-15 Desember aan die SA-Skole in Pretoria gaan deelneem. Hoërskool Upington is sommer baie trots op dié Uppie.

11.4 Karate

Carel Labuschagné en David-John Rose het aan ’n Internasionale Kompetisie deelgeneem en onderskeidelik 1 brons en 2 silwer medaljes verower. Pieter la Cock het in ’n Nasionale Kompetisie 2 silwer medaljes verower.

11.5 Rolbal

Wihan Fourie is gekies as kaptein van die Noord-Kaapspan.

12. ALGEMEEN

Hoërskool Upington is met reg trots op die pragtige prestasies wat sy leerders op verskeie gebiede behaal het. Dit was slegs haalbaar as gevolg van die entoesiasme en die ywer waarmee die leerlinge en hul afrigters hulle onderskeie aktiwiteite aangepak het. Ook die ondersteuning van ons ouerkorps kan nie gering geskat word nie. 'n Groot dankie aan alle borge vir hulle bydraes die afgelope jaar.

13. BEDANKINGS

Die volgende persone en instansies word hartlik bedank vir die bydraes wat gelewer is om van Hoërskool Upington die skool te maak wat dit is:

- Alle leerders wat van hierdie skool 'n besondere skool maak, asook vir hulle samewerking en lojaliteit teenoor die skool.
- Die Bestuurskomitee van die Verteenwoordigende Raad van Leerders, onder leiding van Lenél Oberholster en Gerrit Wickens, vir die leiding wat hulle aan die bestuurskomitee en ons leerders gegee het en vir die besonder goeie voorbeeld wat hulle te alle tye gestel het.
- Die Senior Bestuurspan vir hulle bydrae om die organisasie van die skool vlot te laat verloop.
- Alle ander personeellede vir hulle harde werk en lojaliteit teenoor die skool.
- Die sekretaresses vir die groot taak wat hulle verrig.
- Die terreinpersoneel, onder leiding van mnr. J. Brynard vir die netjiese geboue en terrein.
- Die ouergemeenskap vir hulle belangstelling en groot betrokkenheid by die skool.
- Ouers en belangstellendes wat op 'n gereelde basis by die skool behulpsaam is met die afrigting van sportspanne en kultuuraktiwiteite en vir die vervoer van leerders.
- Die omliggende skole vir hulle samewerking.
- Die superintendente en die personeellede van die twee koshuise wat ons koshuisleerders se belange op die hart dra.
- Die Beheerliggaam met sy verskillende komitees, met spesiale vermelding van die Koshuiskomitee en die Ouer-Onderwysersvereniging vir die groot werk wat hulle doen.
- Alle leraars vir die geestelike werk wat onder ons leerlinge gedoen word, in die besonder vir ds. L. Louw vir sy werk onder al ons leerders.
- Tommy Olivier van KOHIN en Narika Lategan vir die reuse werk wat hulle onder ons leerders verrig.

- Ons dank ook aan FAMSA vir hulle werk by die skool.

- Die Streekkantoor van die Noord-Kaap Onderwysdepartement vir die diens wat hulle aan die skool lewer met spesiale verwysing na mev. M. van Wyk, Mnre. N. Reed en Mpompo, vir hulle gewaardeerde hulp en die professionele wyse waarop hulle leiding aan die skool verskaf. Ook aan mnr. George Berends, distriksdirekteur, ‘n groot dankie.

- Die sakegemeenskap van Upington vir borgskappe, finansiële bydraes en vir hulle ondersteuning aan die skool.

- Laastens, ’n baie groot dankie aan ons Hemelse Vader dat Hy ons weer hierdie jaar gelei het en vir al die seën wat ons ontvang het.

W. A. KOTZÉ
SKOOLHOOF

2014 – 12 – 10
DATUM